# F A VAN JAARSVELD AFRIKANERHISTORIKUS EN VERNUWER

**Johannes du Bruyn**
*Universiteit van Suid-Afrika*

*Wanneer die historikus bewus gaan* verdedig *en* regverdig *deur middel van die geskiedenis, bestaan die moontlikheid dat hy uit hoofde van persoonlike belange of 'n party-program, die tydelose dokumente van die verlede, met die subjektief beleefde vorme van die hede tegemoet tree met die bedoeling vooraf, om sekere waardes te grond, bestendig en tot sege te wil voer.*

*1953*

*Die historikus mag hom nie in 'n ivoortoring aan die samelewing onttrek nie.*

*1979*

Professor F A van Jaarsveld is teenswoordig seker die bekendste, veelsydigste en produktiefste Afrikaanse historikus. Maar hy is terselfdertyd die mees omstrede Suid-Afrikaanse geskiedskrywer. Dit hou verband met sy opvatting dat die historikus betrokke moet wees, sy samelewing moet dien: hy moet sy volksgenote opvoed, betig en, bowenal, nuwe weë baan en oplossings vir historiese en tydgenootlike probleme aan die hand doen. Aan dié taak het hy baie van sy tyd gewy. In talryke koerantartikels, radiopraatjies, opstelle en toesprake het hy die Afrikaner en die Suid-Afrikaanse samelewing ontleed en nie gehuiwer om sy mening te lug nie. Dikwels het sy uitsprake heftige reaksies ontlok en die voorblaaie van koerante gehaal. In 'n sekere mate het sy werk buitekant die ivoortoring die afgelope tyd sy groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing begin oorskadu. Vandag is hy in die eerste plek aan die gemiddelde Suid-Afrikaner bekend as die geskiedenisprofessor wat in Maart 1979 geteer-en-veer is. Dit is jammer, want F A van Jaarsveld is ongetwyfeld die grootste kenner van die Afrikaner en sy geskiedenis, die bedrywigste historiograaf in die Suid-Afrikaanse geskiedeniswêreld en 'n onvermoeide pleitbesorger vir vernuwing in die Afrikaanse geskiedskrywing.

Selfs in sy wetenskaplike werk sonder Van Jaarsveld hom nie in sy studeerkamer af nie. Die temas van sy werk, sy vraagstelling en benaderingswyse word grootliks deur die eise van sy tyd en sy Afrikanerskap beïnvloed: die opkoms van die Afrikaner en Afrikanernasionalisme, die Afrikaner se ervaring van verstedeliking en industrialisasie en die krisis waarin die Afrikaner hom die afgelope twee dekades bevind, is sentrale temas in sy werk. Hy skryf dus in die eerste plek as Afrikanerhistorikus oor die Afrikaner. 'n Mens is voortdurend bewus van die spanning tussen sy Afrikanerskap en die strewe na onbevangenheid in sy werk. Anders as wat dit met enkele van sy voorgangers en selfs tydgenote die geval is, word Van Jaarsveld se simpatie met en besorgdheid oor die Afrikaner grootliks deur sy strewe na objektiwiteit en wetenskaplikheid getemper. Veral in sy vroeë boeke het hy hom daarvan weerhou om die Afrikaner se optrede doelbewus te probeer regverdig; hy het eerder gepoog om die Afrikaner te verstaan en sy geskiedenis in breër verband te plaas. In werke wat in die sestigerjare verskyn het, skemer Van Jaarsveld se sentimente plek-plek deur en skryf hy soms taamlik apologeties oor die Afrikaner. In sy jongste opstelle is hy meer krities oor die Afrikaner se siening van sy geskiedenis en het hy selfs begin om die Afrikaner se geskiedenis te "ontmitologiseer".

## 1

Toe F A van Jaarsveld aan die begin van die vyftigerjare die historiese toneel betree het, is die Afrikaanse geskiedskrywing hoofsaaklik deur twee strominge gekenmerk. Enersyds het die invloed van W J Leyds en Gustav Preller nog gegeld: die opvatting is steeds gehuldig dat die Afrikaanse geskiedskrywing die Afrikaner en sy strewe diensbaar moes wees. In 1943 het H B Thom byvoorbeeld die volgende eis aan historiese navorsing gestel: "Die gees van die volk moet dit deurdring en dit moet saam met die volk in dieselfde kultuurbodem wortel."[1] Hierdie sienswyse het in die werke van onder meer J A Coetzee,[2] P van Biljon[3] en J H Breytenbach[4] neerslag gevind. Andersyds was daar Afrikaanse historici wat reeds in 'n vroeë stadium studies gelewer het wat in 'n hoë mate van Afrikanerverheerliking gestroop was. Sedert 1937 het P J van der Merwe se bekende trilogie oor die geskiedenis van die trekboere verskyn, werke wat merkwaardig onbevange geskryf is en waarin die skrywer meer as enige van sy tydgenote gepoog het om ook reg te laat geskied aan die mense wat hulle aan die ander kant van die Afrikanergrens bevind het.[5] Ook die Voortrekkers en die Groot Trek, wat in 1938 nog soveel emosies gaande gemaak het, is gedurende die veertigerjare in die werk van C F J Muller[6] en H B Thom[7] (ondanks sy uitspraak van 1943) aan herondersoek onderwerp en die Voortrekkers en hul leiers word minder heroïes en romanties uitgebeeld as wat hulle voorheen voorgestel is. Teen die vyftigerjare was daar dus reeds Afrikaanse historici wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis hervertolk het. Dit het saamgeval met 'n strewe na groter objektiwiteit en "wetenskaplikheid". In enkele gevalle het die strewe na wetenskaplikheid uitgeloop op 'n blote aaneenryging van bronne; gebeure is in isolasie behandel sonder om struktuursamehange uit te lig.[8] In sy vroeë werke het F A van Jaarsveld hom by die tradisie van vernuwing en hervertolking in die Afrikaanse historiografie aangesluit. Trouens, hy het dié rigting daadwerklik gesteun en uit die staanspoor ooreenkomstig sý geskiedenisopvattings die tekortkominge in die werk van sy voorgangers en tydgenote heftig gekritiseer.

As jong M.A.-student het Van Jaarsveld in 1946 'n verhandeling oor "Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870"[9] aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Dit is opvallend dat hy nie op 'n spesifieke Transvaalse leier of veldkornet as onderwerp besluit het nie, maar verkies het om die amp van die veldkornet as geheel in oënskou te neem. Hierdie benadering beklemtoon die pioniersomstandighede en bestuursprobleme van die Transvaal en lei die aandag

"Die huidige staat van historiese navorsing in Suid-Afrika", *Die Stellenbossche oudstudent,* deel XII, nr. 1, April 1943, p.18.

*Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie (met besondere verwysing na die tydperk van die Eerste en Tweede Vryheidsoorlog)* (Johannesburg, 1941).

3. *Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1948).
4. *Die Tweede Vryheidsoorlog,* 2 bande (Kaapstad, 1948—49).
5. *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770—1842* (Den Haag, 1937); *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657—1842* (Kaapstad, 1938); *Trek — studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap* (Kaapstad, 1945).
6. *Die Britse owerheid en die Groot Trek* (Kaapstad, 1949).
7. *Die lewe van Gert Maritz* (Kaapstad, 1947).
8. Kyk in hierdie verband G D Scholtz, "Die ontwikkeling en huidige stand van die Afrikaanse historiografie", *Tydskrif vir wetenskap en kuns,* deel 6, 3e aflewering, Nov. 1946, pp.30—40; W Ph Coolhaas, "Het Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis en zijn betekenis voor de historische wetenschap", *Zuid-Afrika,* Feb. 1959, p.21.
9. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1950, II.

weg van die politieke leiers wat die toneel in daardie stadium oorheers het. Hierdie verhandeling bied die leser veel meer insig in die gees van die tyd en die aard van die Transvalers as byvoorbeeld F A F Wichmann se bekende politieke geskiedenis van die Republiek.[10] Van Jaarsveld se eerste publikasie word nog dikwels aangehaal, ook deur buitelandse navorsers. Die werk is egter nie sonder gebreke nie. Die skrywer vereenselwig hom so met die Transvaalse pioniere dat die vroeë inwoners van die gebied feitlik deurgaans slegs as "wilde" en "geslepe" mense en as nog 'n natuurelement en hulpbron op die agtergrond figureer: "Dat sy (die veldkornet) teenwoordigheid op die platteland vir die uitvoering van al die staatsregulasies onmisbaar was, is seker, veral in 'n pioniersland waar wilde inboorlinge getem en tot nuttige onderdane gemaak moes word".[11]

Van Jaarsveld se volgende werk, *Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners,*[12] het taamlik opspraak verwek. Die boek staan in die gees van die skrywer se studiejare in Europa. As student het Van Jaarsveld onder leiding van geleerdes soos P J van Winter, Helmuth Plessner en veral Jan Romein hom in die filosofie van die geskiedenis, die historiese metodiek en teoretiese of geestesgeskiedenis verdiep en hom van die nuutste strominge in die historiografie vergewis. Dit het sy siening van die geskiedenis van die Republikeinse Afrikaners ingrypend beïnvloed. Hy streef doelbewus daarna om die betrekkinge tussen die twee republieke te hervertolk en in 'n nuwe lig voor te stel. Sy werkwyse word grootliks deur sy soeke na "sinsamehange" en "strukture" bepaal: hy sien die republieke as 'n eenheid, 'n "republikeinse Noorde" wat in wisselwerking met die "koloniale Suide" was. Van Jaarsveld ontleed die Afrikaners se eenheidstrewe aan die hand van faktore soos mobiliteit en die geografie, die rol van die Swartes, "psigologiese faktore" en die optrede van leierspersoonlikhede. In sy poging om die republikeinse geskiedenis te herondersoek, het die belese, selfversekerde jong historikus in die probleemstelling van sy werk en in 'n daaropvolgende artikel[13] gevestigde historici, soos S P Engelbrecht, F A F Wichmann en A N Pelzer, gekritiseer omdat hulle nie in hul werke die "sintotaliteit" en samehang van gebeure aangetoon het nie.

Dat hierdie werk 'n beroering in die Afrikaanse geskiedeniswêreld veroorsaak het, is begryplik. Die Afrikaanse historiografie was nog jonk en het sy "wetenskaplikheid" kort tevore ontdek. In die plaaslike metodiek is die belangrikheid van primêre bronneversameling en -kritiek sterk beklemtoon: die bronne moet die historikus lei, en nie andersom nie. Van Jaarsveld se gebruik van woorde en begrippe soos "faktore", "sinsamehange", "strukture", "sintotaliteit", "republikeinse Noorde" en "koloniale Suide" moes seker vir plaaslike historici vreemd voorgekom het. Die feit dat hy die eenheidstrewe in terme van deterministiese geograwe soos F Ratzel en E C Semple en selfs die psigologie probeer verklaar het, moes vir baie van sy vakgenote na ontrouheid aan die vak gelyk het.

Die boek het uiteenlopende reaksies uitgelok. G D Scholtz het dit gunstig beoordeel en verklaar: "Indien dr. Van Jaarsveld die peil wat hy met sy eerste werk bereik het, kan handhaaf, sal hy in die toekoms vir hom ook 'n eie plek op die gebied van die

10. "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1938–1860", *Argief-jaarboek vi[illegible] Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1941, II.
"Die veldkornet ...", p.287.
Deel I, *Pioniershartstogte (1836–1864)* (Johannesburg, 1951).
"Geskiedenis en lewe: 'n metodologies-kritiese opstel", *Standpunte* 28, jaargang 7, nr. 4, Junie 1953 pp.17–33.

Afrikaanse geskiedskrywing kan verower."[14] Ander resensente het egter geoordeel dat Van Jaarsveld bloot 'n bekende terrein betree het en dit daarom doelbewus "vreemd" voorgestel het,[15] en dat hy die geskiedenis met 'n vooropgesette idee benader.[16] Die verskyning van hierdie boek en Van Jaarsveld se kritiek op historici het tot 'n interessante debat gelei wat die vraagstuk van die vertolking en hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis skerp onder die soeklig geplaas het. Van Jaarsveld het sy standpunte baie skerpsinnig maar ook ietwat venynig gestel. Hy het opnuut te velde getrek teen die "pakhuiskarakter" van sommige Afrikaanse geskiedeniswerke: "Waar dokumente bloot gerangskik word, volg 'n aggregaat van gegewens — 'n geraamte sonder gees en lewe. 'n Optelsom van dokumente gee aan ons 'n geskiedenis soos droë sand — dood en meganies. So 'n geskiedenis is nie geskiedenis in die ware sin van die woord nie, maar is kroniek, wat die oorheersende tendensie in die Transvaalse geskiedskrywing is." Hy het weer eens die belangrikheid van 'n totaliteitsbenadering van die geskiedenis beklemtoon: "In die geskiedeniswetenskap bly die aanskoulike totaalbeeld wat lewendig, sinryk, oortuigend is en eenheid daarin het, steeds nog die bekroning van die arbeid van die historikus."[17]

F A van Jaarsveld het in 1951 sy toetrede tot die Afrikaanse geskiedskrywing as 'n verbeeldingryke en omstrede historikus gemaak. Hy was nie bereid om dokumente bloot te rangskik nie, maar het daarna gestreef om op grond van dokumentestudie die samehang van historiese gebeure en verskynsels aan te toon en "sintotaliteite" te skep. Of sy totaliteitsidee sedertdien inslag by Afrikaanse historici gevind het, is te betwyfel. Hy het sy werk egter ongestoord voortgesit en in 1957 'n werk gelewer waarin hy sy opvattings oor geskiedskrywing baie geslaagd toegepas het. In *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868—1881*[18] bied Van Jaarsveld nie slegs 'n chronologiese bespreking van die opkoms van Afrikanernasionalisme nie. Hy onderskei fases en "eenhede" en praat van "deininge" in die geskiedenis van Afrikanernasionalisme. Van Jaarsveld sien die Groot Trek as 'n tydperk van "volkswording", die jare 1868—1877 as 'n fase van "nasionale selfbewuswording" en die tydperk 1877—1881 as die era van "die ontstaan van 'n Afrikaanse nasionalisme. Die skrywer sien sy onderwerp nie in isolasie nie, maar ontleed die opkoms van Afrikanernasionalisme in samehang met die Britse koloniale beleid. Elke afdeling in die boek word voorafgegaan deur 'n samevatting ("Agtergrond") van die Britse optrede in suidelike Afrika, die faktor wat uiteindelik die verspreide Afrikaners geestelik verenig en tot hul nasionale selfbewuswording gelei het. Getrou aan sy opvatting oor "sinsamehange" lê Van Jaarsveld insiggewende verbande tussen tydperke en gebeure, veral tussen die Groot Trek en die Eerste Vryheidsoorlog.

Hierdie boek is oor die algemeen hoog aangeslaan en veral geprys vir die nuwe perspektiewe wat dit open.[19] Van Jaarsveld is egter ook gekritiseer: hy is verwyt dat hy te veel veralgemeen en die moontlikheid uit die oog verloor dat die Afrikaanse Taal-

14. "Suid-Afrikaanse kroniek, 1951", *Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden*, vol. 7, 1953 p.302.
15. A N Pelzer in *Inspan*, jaargang 3, Des. 1951, pp.36 en 48; Van Jaarsveld, "Geskiedenis en lewe" pp.17—18.
16. T S van Rooyen, "Filosofie en geskiedenis", *Standpunte* 30, jaargang 8, nr. 2, Des. 1953, pp.56—62 en Van Jaarsveld se antwoord, "Oor beginselgrondslae in die geskiedeniswetenskap", *Standpunte* 31 jaargang 8, nr. 3, Maart 1954, pp.30—41.
17. "Geskiedenis en lewe", p.30.
18. Johannesburg, 1957.
19. Onder meer P J van Winter in *Zuid-Afrika*, Okt. 1957, p.132.

beweging in die Suide aanvanklik 'n selfstandige aard vertoon het.[20] J J Oberholster het geldige kritiek op die skrywer se voorstelling van die opkoms van Afrikanernasionalisme as 'n meganiese aksie-reaksie-proses en sy oorbeklemtoning van die politieke dimensie gelewer: "Die werk self getuig ... dat hy 'n weg gevolg het waarvan die padwysers feitlik net dié van die politieke geskiedenis is. Van die geestes- en sosiale ontwikkeling van die Afrikaner met betrekking tot sy wordende nasionale bewussyn kom daar weinig tereg."[21] Die implikasie is duidelik: Van Jaarsveld het nie reg laat geskied aan sy probleemstelling en opvattings oor totaliteitsgeskiedenis nie. Watter leemtes daar ook al in die werk voorkom, dit bly 'n uiters oorspronklike en stimulerende studie wat 'n hoogtepunt in hierdie historikus se geskiedskrywing verteenwoordig.

Tot dusver het die beloofde opvolgbande oor die geskiedenis van die republikeinse Afrikaners se verenigingstrewe nog nie verskyn nie. In 1970 het Van Jaarsveld na hierdie tema teruggekeer en 'n "bystudie" oor die geskiedenis van die Vaalrivier as grenslyn gelewer.[22] Die onderwerp is uniek en nuut, en die werk klaar baie probleme rondom die Vaalrivier as staatkundige grens op. Tog ewenaar hierdie werk nie die verbeeldingrykheid van Van Jaarsveld se eerste boeke nie. Die onderwerp word hoofsaaklik verhalend en chronologies behandel en die ingewikkelde grenskwessies en -geskille bied nie altyd boeiende leesstof nie. Boonop word die werk deur 'n oordrewe gebruik van gekursiveerde woorde en swak kaarte ontsier.

'n Mens kry die indruk dat F A van Jaarsveld hom gedurende die sestiger- en aan die begin van die sewentigerjare toenemend met die Afrikaner se lotgevalle — sy republikeinse strewe en onsekerheid oor die toekoms — vereenselwig het. Hy het al hoe meer by die Afrikaanse openbare lewe betrokke geraak en is mettertyd as die "Afrikaner se historikus" gesien. As gesogte spreker het hy verseker dat volksfeesgangers en leerlinge hul geskiedenis voortdurend in herinnering hou. In 'n sekere mate is sy vroeëre kritiese ingesteldheid en kritiek op die "apologetiese tendens" in die Afrikaanse geskiedskrywing deur sy Afrikanerbetrokkenheid oorskadu. As betrokke Afrikanerhistorikus het hy in 1966 aan die Republiekfees deelgeneem en twee opstelle oor die Afrikaner se republikeinse strewe en stryd gelewer.[23] Hierdie studies is kennelik met 'n pragmatiese doel geskryf: hulle moes die wortels en agtergrond van die republikeinse gedagte vir die Afrikaner belig. Hy het egter nie in hierdie pragmatiese doel bly steek nie: die vaardige wyse waarop ontwikkelingslyne aangetoon en verbande gelê word, verhef hierdie opstelle bokant die fees-atmosfeer waarin hulle ontstaan het. Van Jaarsveld se "volksgebondenheid" bereik in 1971 'n hoogtepunt in 'n reeks radiopraatjies wat plek-plek aan chauvinisme grens.[24]

In 1969 het Van Jaarsveld sy opvattings oor 'n "aanskoulike totaalbeeld" op die algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis toegepas en die eerste "eenmansboek" in Afrikaans gelewer.[25] Sy bekende refrein weerklink ook in hierdie werk: "My doel was

---

20. D J Kotze, "Suid-Afrikaanse kroniek, 1957", *Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden*, vol. 13, 1959, pp.263–264.
21. Bespreking in *Historia*, vol. 3, 1958, p.208.
22. *Vaalrivier omstrede grenslyn* (Johannesburg, 1974). Die boek is reeds in 1970 voltooi, maar het eers in 1974 verskyn.
23. "Die stryd om die vestiging van die republikeinse onafhanklikheid" en "Die stryd om die behoud van die republikeinse onafhanklikheid" in F A van Jaarsveld en G D Scholtz (reds), *Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms* (Johannesburg, 1966).
24. *Afrikaner quo vadis* (Johannesburg, 1971).
25. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd* (Johannesburg, 1969); *Van Van Riebeeck tot Vorster* (Johannesburg, 1976). Dit kan seker as die eerste "ware" eenmansboek in Afrikaans beskou word, maar S F N Gie se vroeë, beskeie poging moet nie vergeet word nie: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2 bande (Stellenbosch, 1924 en 1932).

nie om volledig te wees nie ... Dit was my idee om op die sin en betekenis van gebeurtenisse en samehange te wys" (voorwoord). Die werk is vanuit die hede saamgestel: die bestaan van "basiese bevolkingsgroepe, instellinge en idees" in die teenswoordige Suid-Afrika het die historikus na die verlede gelei. Hierdie boek het voortreflike kenmerke en is oor die algemeen goed ontvang.[26] Omdat dit 'n eenmanswerk is, is die samestelling besonder heg en kan die skrywer die breë ontwikkelingslyne van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aantoon — iets wat tot dusver grootliks in die ander algemene werke in Afrikaans ontbreek. Voorts konsentreer Van Jaarsveld nie net op die politiek nie, maar betrek ook sosiale en ekonomiese faktore. Die soeklig val hoofsaaklik op die Afrikaner en sy lotgevalle; tog is dit die enigste algemene werk in Afrikaans waarin Swartes en anderskleuriges 'n noemenswaardige rol speel. Die skrywer skenk byvoorbeeld aandag aan die herkoms en verspreiding van Swartes en die Difaqane. Die werk het egter gebreke. 'n Mens kan nie aan die indruk ontkom dat Van Jaarsveld die Afrikaner se huidige opvattings oor sy onafhanklikheidstrewe en apartheid op hul voorouers oordra nie. Verder verval hy te veel in 'n wit-swart-voorstelling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis: die veronregte, Calvinistiese Blanke pioniers wat "die wildernis vir die beskawing gaan tem het" teenoor die "wilde mense", die "primitiewe", "wilde volkstamme", maar in die meeste gevalle darem "Bantoes". Plek-plek kom die werk "apologeties" voor: dit lyk darem te veel asof die skrywer die Afrikaners se optrede in die verlede wil regverdig en *The Oxford history of South Africa* se voorstelling van hierdie bevolkingsgroep wil "regstel".

Sedert 1974 het Van Jaarsveld nog nie weer 'n omvattende werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer nie. Die afgelope tyd het sy werk hoofsaaklik in opstel- en artikelvorm verskyn; hierdie studies is periodiek gebundel. Twee redes is moontlik hiervoor verantwoordelik. Toenemende administratiewe en doseerverpligtinge het hom miskien verhinder om al sy aandag aan 'n omvangryke werk te wy. Daarby leen die opstelvorm hom tot Van Jaarsveld se temperament: hy is 'n vinnige werker, 'n soeker na vernuwing wat nie lank by een onderwerp stilstaan nie. Hoe dit ook al sy, sy opstelbundels bevat van sy belangrikste studies oor geesteshistoriese en historiografiese onderwerpe. Hy is tot dusver die enigste Afrikaanse historikus wat studies oor die teoretiese en "persepsiegeskiedenis" gelewer het: hoe mense 'n gebeurtenis of verskynsel gesien en ervaar het; hoe tydgenote historiese figure en bevolkingsgroepe beoordeel het; die ontwikkelingsgang van ideologieë; en hoe historiese gebeurtenisse mites geword het.

Reeds in Van Jaarsveld se eerste bundel[27] is daar 'n groep "geesteshistoriese" opstelle. Hy behandel boeiende temas, soos die geskiedenis van die begrippe "Voortrekkers" en "Groot Trek"; Paul Kruger se Ou-Testamentiese geskiedsvisie; die Nasionaal-Sosialistiese siening en misbruik van die Kruger-figuur; en die geskiedenis van die Afrikaner se opvattings oor uitverkorenheid en geroepenheid. In latere studies toon hy aan hoe kontemporêre skrywers en koerante die Groot Trek gesien en ervaar het; hoe die Afrikaner in die 19e- en 20e-eeuse literatuur uitgebeeld is;[28] hoe apartheid 'n "gedaanteverwisseling" ondergaan het; en hoe Suid-Afrikaners die stad gesien en beleef het.[29] Seker een van Van Jaarsveld se mees omstrede studies is sy opstel oor die

---

26. Onder meer W Ph Coolhaas se bespreking in *Zuid-Afrika*, Jan. 1972, pp.11–12, en DJ van Zyl s'n in *Historia*, vol. 22, 1977, pp.68–69.
27. *Lewende verlede* (Johannesburg, 1961).
28. *Geskiedkundige verkenninge* (Pretoria, 1974).
29. *Die evolusie van apartheid* (Kaapstad, 1979).

"Historiese spieël van Bloedrivier", waarin hy aantoon hoe hierdie gebeurtenis mitologiese afmetings in die Afrikaanse bewussyn aangeneem en 'n "bindkrag" in die volkslewe geword het. Hy ontleed sy onderwerp vanuit die hede, die Suid-Afrikaanse "plurale" samelewing, en kom op grond van deeglike bronnestudie en -kritiek tot die gevolgtrekking dat 'n foutiewe opvatting van die gelofte in 1952 "verkeerdelik gelei het tot die verbinding van die Sabbatsklousule aan die viering van Geloftedag, waardeur die Afrikaner se tradisie op die res van die bevolking afgedwing is, naamlik 'n soort mensgemaakte 'ekstra' Sondag".[30] As gevolg van hierdie uitspraak is Van Jaarsveld van kettery beskuldig en is sy Afrikanerskap onder verdenking geplaas. Wat egter uit die oog verloor word, is dat Van Jaarsveld hier steeds as betrokke *Afrikanerhistorikus* werksaam is. Sy poging om Bloedrivier te "ontmitologiseer" hou verband met sy besorgdheid oor die Afrikaner: hy is bekommerd daaroor dat 'n bekrompe en verstarde geskiedsbeeld die Afrikaner kan verhinder om die toekoms tegemoet te gaan.

Van Jaarsveld se studies oor die teoretiese geskiedenis kan as een van sy belangrikste bydraes tot die Afrikaanse geskiedskrywing gereken word. Dit is baanbrekerswerk wat van oorspronklikheid, insig en verbeeldingrykheid getuig. Dit toon 'n bereidwilligheid om nuwe terreine te betree en nuwe vrae te stel. Hierdie benadering spruit waarskynlik uit sy belangstelling in die historiografie. Naas sy geskiedskrywing het Van Jaarsveld voortdurend bestekopnames van die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gemaak en hom steeds van die nuwe rigtings in die Europese historiografie vergewis.

F A van Jaarsveld kan tereg as die grondlegger van die geskiedenis van die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse historiografie beskou word. Reeds tydens sy studentedae het hy die stand van die geskiedskrywing oor die Transvaal in oënskou geneem en sedertdien uiteenlopende studies oor die aard en gebreke van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gepubliseer. Sy historiografiese werk kan in die volgende temas verdeel word: studies oor die Afrikaner en sy geskiedenis en die Afrikaanse geskiedskrywing; 'n algemene oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing; studies oor Afrikaanse geskiedskrywers; en die ontleding van enkele onderwerpe en temas in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, soos die stad, eietydse geskiedenis, industrialisasie, en sosiale en samelewingsgeskiedenis.

Vroeg in sy loopbaan het Van Jaarsveld die "apologetiese tendense" in die werke van W J Leyds, J H Breytenbach[31] en S P Engelbrecht[32] ontleed. Volgens hom openbaar apologetiese geskiedskrywing "'n fundamentele tweeheid van wit-swart, uitverkorenheid-verwerplikheid, goed-sleg, held-skurk en vervolgdes-vervolgers wat saamgeweef word deur verdediging, regverdiging, beskuldiging en skuldaanwysing, oorbeklemtoning, weglating en verskoning".[33] Die eensydigheid wat hy in hierdie werke bespeur het, het hom onder die indruk gebring van die hegte band wat daar tussen die Afrikaanse geskiedskrywing en nasionaal-politieke waardes bestaan het. Dit het Van Jaarsveld waarskynlik geïnspireer om die historiese grondslae van hierdie

30 *Ibid.*, p.48.

31 "Tyd en geskiedsbeeld" en "Geskiedenis en politiek" in *Lewende verlede*.

32 "'n Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis in swart en wit" in *Van apologetiek en objek kerkgeskiedskrywing* (Kaapstad, 1953).

*Ibid.*, p.49.

band na te speur. Belangrike studies oor die geskiedenis van die Afrikaner se verledebeeld en die voorwetenskaplike geskiedskrywing het gevolg.[34] Hoewel Van Jaarsveld aandag aan die ontstaan van die Afrikaanse geskiedskrywing skenk, is hierdie studies nie suiwer historiografies nie. Hy behandel die *ontwikkelingsgang* van die Afrikaners se geskiedsbeeld in die verlede; gevolglik kan hierdie werk ook as teoretiese of geestesgeskiedenis bestempel word.

In 1961 het Van Jaarsveld gepoog om binne die bestek van 'n intreerede 'n oorsig van die algemene Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te gee.[35] Hy het merkwaardig goed daarin geslaag. Ofskoon die oorsig soms in naamlyste ontaard en swaar bevoetnoot is (soos dit seker die geval met die meeste historiografiese studies is), deel hy tog die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse historiografie sinvol in ooreenkomstig die geskiedskrywers se "gesigspunte" in. Hierdie studie het sedertdien 'n "standaardwerk" geword en aan verskeie universiteite word die Suid-Afrikaanse historiografie aan die hand van Van Jaarsveld se indeling gedoseer. Sedert hierdie oorsig in 1974 hersien is, was daar interessante verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Van Afrikaanse kant het enkele werke verskyn waarin aspekte van die Afrikaner se geskiedenis "ontmitologiseer" is. Buitelandse en plaaslike Engelstalige historici het belangrike studies oor die geskiedenis van Swartes, en sosiale en ekonomiese onderwerpe gepubliseer. 'n Mens kan verwag dat Van Jaarsveld binnekort ook hierdie "gesigspunte" gaan behandel.

'n Ander belangrike bydrae wat Van Jaarsveld tot die Suid-Afrikaanse historiografie gelewer het, is sy studies oor die lewe en werk van twee Afrikaanse geskiedskrywers.[36] Tot dusver is hy die eerste Afrikaanse historikus wat sy hand aan "biografieë" van vaktydgenote gewaag het. Die waarde van hierdie biografiese sketse is dat hulle in die eerste plek interessante persoonlike gegewens oor G D Scholtz en P J van der Merwe verstrek. Historici word dikwels as droë mense gesien wat hul lewe in muwwe argiewe slyt. Die oorsig oor Van der Merwe se lewe moet veral verwelkom word, want die meeste van sy vaktydgenote het hom net as 'n hiperkritiese, kortaf mens gesien. In die tweede plek lê Van Jaarsveld — soms indirek — insiggewende verbande tussen die "mense agter die boeke" en die aard van hul werk. Die persoonlike gegewens oor Scholtz belig byvoorbeeld die pragmatiese en subjektiewe inslag van sy werk. Dit is nou ook duidelik waarom Van der Merwe sedert die verskyning van sy trekboertrilogie nie weer belangrike werke gelewer het nie: toenemende doseerverpligtinge, ambisieuse projekte en 'n hiperkritiese ingesteldheid het hom verhinder om te skryf.

Buiten hierdie studies oor Afrikaanse historici, het Van Jaarsveld ook belangrike ontledings van die geskiedskrywing oor bepaalde temas en onderwerpe gedoen.[37] Hy doen nie slegs voorraadopnames nie, maar toon deurgaans leemtes aan. Feitlik in elke opstel klink 'n wekroep om vernuwing en hervertolking. Hy huldig die standpunt dat

---

34. Onder meer "Die Afrikaner se geskiedsbeeld" in *Lewende verlede; Die Afrikaner en sy geskiedenis* (Kaapstad, 1959); "Die ontstaan van die Afrikaanse geskiedskrywing" in *Geskiedkundige verkenninge; Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 1834—1899* (Unisa-mededelings C24, 1963).
35. "Visies en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie" in *Geskiedkundige verkenninge.*
36. "G D Scholtz: historikus van en vir die Afrikaner" in *Die evolusie van apartheid*, en "P J van der Merwe: ondersoeker van die Afrikaner se landelike pioniersgeskiedenis" in *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad, 1981).

Onder meer "Oor vertolking en hervertolking in ons geskiedskrywing", "Eietydse geskiedenis" en "Stad en historikus" in *Geskiedkundige verkenninge*; "Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing" in *Die evolusie van apartheid*; en "Van sosiale tot samelewingsgeskiedenis in Suid-Afrika" in *Wie en wat is die Afrikaner?*

die historikus nie die "eise van die tyd"[38] moet verontagsaam nie; dat Suid-Afrikaanse geskiedskrywers meer "relevant" moet wees.[39] Hy bepleit in 'n sekere sin die beoefening van betrokke geskiedskrywing, 'n geskiedskrywing wat nie net die verlede in sy vraagstelling betrek nie, maar veral die hede. Sy ontleding van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing het tot die bevinding gelei dat historici tot dusver te veel aandag aan die politieke geskiedenis geskenk het en temas soos verstedeliking, industrialisasie en die verhouding tussen Blankes en Swartes, en veral die sosiale en samelewingsgeskiedenis verwaarloos het. Hy bepleit ook 'n verruiming van metodiek: Suid-Afrikaanse historici moet meer kennis neem van die metodes van aanverwante dissiplines en interdissiplinêr te werk gaan. In sy historiografiese studies tree Van Jaarsveld dus ook as "wegwyser" en pleitbesorger vir vernuwing na vore.

'n Mens kry egter soms die indruk dat Van Jaarsveld nie altyd vernuwing in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing herken wanneer hy daarmee kennis maak nie, of dat hy onwillig is om vernuwing en hervertolking na waarde te skat as dit nie met sy eie ideologiese gesigspunt ooreenstem nie. Soms verloor hy uit die oog dat ander en veral anderstalige historici se siening van "relevansie" en betrokkenheid van sy eie kan verskil, of dat hulle die "eise van die tyd" anders as Van Jaarsveld kan beleef. Dit wil voorkom asof hy homself die reg toe-eien om buitekant die ivoortoring te beweeg, maar ongelukkig voel as hy vakgenote daar raakloop. As gevolg van hierdie houding het Van Jaarsveld die tekortkominge van werke soos *The Oxford history of South Africa* en *The shaping of South African society 1652—1820* oorbeklemtoon, sonder om die vernuwing wat hierdie boeke in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gebring het, behoorlik na waarde te skat. In 1969 het Van Jaarsveld, wat in 1951 nog die noue verband tussen die geskiedenis en aardrykskunde ingesien het, in 'n grondige, selfs virtuose, maar eensydige bespreking onder meer die interdissiplinêre benadering van *The Oxford history* as 'n "allegaartjie" bestempel en geoordeel dat die bestudering van die geskiedenis van Swartes by die volkekunde tuishoort.[40] Dat die resensent die vernuwende invloed van hierdie werk onderskat het, blyk onder meer uit die *Oxford History*-stempel wat sedert 1969 in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te bespeur is. Dat hy te haastig oor die interdissiplinêre benadering van die werk geoordeel het, blyk uit sy eie bevindings dat Suid-Afrikaanse historici hulle tot dusver te min van die metodes van aanverwante vakke vergewis het.

Van Jaarsveld se wekroep om vernuwing hou grootliks verband met tendense in die Duitse en Franse historiografie. Dit is opvallend dat hy in 1980 tydens 'n Europese studiereis uitsluitlik onderhoude met Franse en Duitse historici gevoer het.[41] Wat hy egter uit die oog verloor, is dat opvattings oor sosiale en totaliteitsgeskiedenis reeds 'n geruime tyd gelede ook in die Angel-Saksiese geskiedskrywing neerslag gevind het. Trouens, daar is aanduidings dat Engelse historici hierdie idees toenemend op die Suid-Afrikaanse geskiedenis toepas. Of Afrikaanse historici nou van die "ideologiese klimaat" van die jongste Engelse werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis hou of nie, dit kan nie ontken word nie dat navorsers en historici verbonde aan die "School of Oriental and African Studies" van die Universiteit van Londen, en die Yale-

38. "Eise van ons tyd aan die geskiedskrywing" in *Geskiedkundige verkenninge*.
39. "Die historikus en sy vak in die samelewing" in *Geskiedkundige verkenninge*; "Relevansie in die geskiedenis" in *Die evolusie van apartheid*.
40. "Ons verledebeeld: geskonde oue of vertekende nuwe?" in *Geskiedkundige verkenninge*. Kyk ook Van Jaarsveld se kritiek op *The shaping of South African society 1652—1820* in *Wie en wat is die Afrikaner?*, pp.91—95.
41. "Nuwe rigtings in die Europese geskiedskrywing", *Historia*, jaargang 26, nr. 1, Mei 1981, pp.2—23.

Universiteit betekenisvolle vernuwing in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gebring het.

3

Dit sal seker voorbarig wees om op grond van hierdie kort en onvolledige oorsig 'n belangrike en veelsydige historikus soos F A van Jaarsveld te tipeer. Hy is immers 'n dinamiese en produktiewe geskiedskrywer wat enige oordeel oor sy werk binne afsienbare tyd verkeerd kan bewys. Tog vertoon sy werk opvallende kenmerke wat voorlopig aangedui kan word.

Van Jaarsveld is 'n Afrikanerhistorikus wat hoofsaaklik oor die Afrikaner se geskiedenis skryf en hom grootliks met die Afrikaner en sy strewe vereenselwig. Anders as die voorwetenskaplike Afrikaanse geskiedskrywers en enkele van sy tydgenote, streef hy nie doelbewus daarna om die Afrikaner te verheerlik nie. Trouens, in sy jongste opstelle stel hy hom dit ten doel om die Afrikaner se geskiedenis te "ontmitologiseer".[42]

Van Jaarsveld is 'n betrokke historikus: hy sonder hom nie van die hede in sy studeerkamer af nie, maar stel vrae vanuit die hede en ooreenkomstig die "eise van die tyd" aan die verlede. Sy siening en ervaring van sy tyd bepaal dikwels die temas en strekking van sy werk. As betrokke historikus toon hy egter ongeduld met anderstalige en andersdenkende historici wat ook daarna streef om aan die eise van die tyd te voldoen.

Van Jaarsveld is nie 'n feiteversamelaar nie: dit is nie vir hom voldoende om 'n historiese tydperk bloot chronologies te rekonstrueer nie. Hy benut sy bronne en dokumente om aan die hand van 'n probleemstelling strukture uit te lig, sinsamehange aan te toon en verbande te lê.

Van Jaarsveld is 'n dinamiese historikus. Hy verdiep hom nie slegs in een bepaalde onderwerp of tydperk nie; hy durf steeds nuwe terreine aan. Met sy opvattings oor en beoefening van die teoretiese of geestesgeskiedenis het hy vernuwing in die Afrikaanse geskiedskrywing gebring. Hy het getoon dat geskiedenis nie slegs oor volke, leiers en belangrike gebeurtenisse handel nie, maar ook oor die ontwikkelingsgang van idees, begrippe en verskynsels, en hoe gebeurtenisse, mense, verskynsels en leiers *gesien* is.

Van Jaarsveld is tans seker die grootste kenner en historikus van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Tot dusver het hy nog nie 'n omvattende werk oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse historiografie gelewer nie, maar het reeds in verspreide publikasies die aard en gebreke van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ontleed. Hy het hom egter nie net in die plaaslike historiografie verdiep nie, maar is ook op hoogte van strominge in die Europese, veral die Franse en Duitse, geskiedskrywing.

Bowenal is Van Jaarsveld 'n pleitbesorger vir vernuwing in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Tot dusver het hy nog nie self 'n omvangryke onderwerp in die stedelike of sosiale geskiedenis aangedurf nie. Dit is ook opvallend dat die meeste van sy nagraadse studente nog nie hul leermeester se raad en riglyne ter harte geneem het nie. Nietemin, F A van Jaarsveld het die weg na vernuwing duidelik, herhaaldelik en boonop in Afrikaans aangedui. Dat die Afrikaanse geskiedskrywing hom tans nog grootliks in isolasie met die nasionaal-politieke geskiedenis bemoei, is sekerlik nie sy skuld nie.

42. "Historiese spieël van Bloedrivier" in *Die evolusie van apartheid*; "Die ontmitologisering van die Afrikaner se geskiedsbeeld" in A J Coetzee (red.), *Hulsels van kristal* (Kaapstad, 1981).